THABAZIMBI

Kunste Eisteddfod

Redenaars - Laerskool

Met dié Eisteddfod wil ons poog om vir meer kinders die geleentheid te gee om aan Redenaars deel te neem en so selfvertroue te bou.
Om dié rede is daar geen Onvoorbereide toesprake nie

Reëls

Algemeen

1. Die inskrywingsvorm moet volledig ingevul word en voor of op die sluitingsdatum vir inskrywings ingedien word
2. Onvolledige of laat inskrywings kan lei tot diskwalifikasie van die inskrywing
3. Inskrywingsgeld: R70 per deelnemer
4. Deelnemers tree in skooldrag op
5. Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen korrespondensie sal deur die loop of na afloop van die kompetisie daaroor gevoer word nie

Inligtingspraatjie Gr. 1 tot 3

1. Geen redevoering, slegs inligting
2. Moet navorsing doen, dit moet feitelik weergegee word.

Toespraak Gr 4 tot 7

3. Strafpunte: Vir elke 10 sekondes of deel daarvan wat die deelnemer meer of minder as voorgeskrewe tyd praat, word hy/sy met 1 punt gepenaliseer
4. Die struktuur van die toespraak vereis: inleiding, hoofdeel, slot
5. Oorreding en beredenering is ‘n vereiste. Vermy monoloog-praatjie of preek
6. Geen Onvoorbereide toesprake!

Afdelings

Graad	Tydsduur	
	Minimum	Maksimum
Gr 1 - 2	1 min	2 min
Gr 3 - 4	2 min	3 min
Gr 5 - 7	4 min	5 min

Temas

Graad 1 tot Graad 3

- Gogga
- Reënboog
- Blink

Graad 4 tot Graad 5

- Klei
- Note
- Blou

Graad 6 en Graad 7

Huistaal en Addisionele Taal

- Spieël
- Krap
- Klik

* Uit die tema moet ’n onderwerp geformuleer word wat ’n standpunt bevat en die standpunt moet aan die hand van argumente en bronne beredeneer word. Van Graad 4 tot 7 is dit ’n beredeneerde toespraak en nie ’n praatjie nie.

* Indien toesprake van vorige jare en/of gedupliseerde toesprake gelewer word, sal deelnemers gepenaliseer word.

Kunste Eisteddfod Organiseerder
Rita Volschenk – 083 7448559

rivo@kunstegrot.co.za